BELEID OOR TERREINDIENS

Terreindiens verwys na die toesighoudende diens wat posvlak 1-opvoeders pouses moet vervul wanneer die leerders toegelaat word om op die skoolterrein te speel.

Terreindiens is in wese `n voorkomende diens en die personeel op terreindiens moet probleme betyds raaksien en pro-aktief optree om te keer dat beserings voorkom.

1. ALGEMENE PLIGTE VAN PERSONEEL OP DIENS

- Handhawing van dissipline en orde op die speelterrein.
- Dra bibbies te alle tye ter wille van sigbaarheid.
- Gebruik fluitjie om aandag van leerders te verkry.
- Nie staties wees nie – Beweeg rond in toegekende areas.
- Werk saam met leerderraad in terme van badkamertoesig.
- Geen selfoon speletjies – Leerders moet speel.
- Hou leerders weg van heinings en let op verdagte persone of voertuie by heinings.
- Rapporteer breke, wonde en ernstige beserings sodat dit gerekordeer kan word.
- Kyk dat geen leerder in parkeerarea beweeg of swembad area binnegaan nie.
- Rapporteer enige gevare plekke / probleme aan die veiligheidskomitee.
- Tree voorkomend op en stop gevaarlike aktiwiteite wat die leerders speel en doen.
- Verseker die netheid van die terrein.
- Hanteer voorvalle van besering wat voorkom.
- Antwoord op navrae oor beserings wat gebeur het.
- Tref redelike voorsorg dat leerders nie beseer word nie.
- Oefen beheer uit oor die afgebakende speelgebiede.
- Sorg dat leerders op die regte speelterrein speel.
- Maak seker dat groter leerders nie kleintjies afknou nie.
- Toesig uit te oefen by plekke op die terrein waar gewerk word en `n gevaar vir die leerders se veiligheid mag bestaan.
- Voorkoming van ongerymdhede op die speelterrein.
- Identifisering van leerders wat ongemagtigde dade pleeg op die skoolterrein soos bv. rook ens.
- Wees bewus van moontlike ongelukke wat mag ontstaan en probeer om dit te voorkom.

2. DISSIPLINE OP TERREIN

Dissipline word streng gehandhaaf volgens die skoolreëls en sonder aansien van persoon toegepas.

3. DIENSTYD

Opvoeders op terreindiens is gedurende beide pouses.

4. AANTAL PERSONEELLEDE

Daar is daagliks vier personeellede aan diens.
Die personeellede aanvaar saam met hulle registerklasse verantwoordelikheid om die terrein netjies en skoon te hou.

5. DIENSROOSTER

Die skoolbestuur reik elke kwartaal `n speelgrond of terreindiensrooster uit waarop die diensbeurte aangedui word.
Diensbeurte word gelykop verdeel tussen personeellede.

6. TEE GEDURENDE POUSES

Personeel op diens kom haal self vinnig tee by die personeelkamer en meld so gou as moontlik aan op die speelterrein vir terreindiens.

7. BESERINGS EN ONGELUKKE

Beseerdes word na die siekekamer gebring.
Vir ernstige beserings word `n beseringsverslag deur Beaula voltooi.
Die admin. personeel moet die ouers onmiddellik in kennis stel van enige beserings.

8. LEERDERRAADHULP

Personeel op terreindiens maak gebruik van leerderraad om boodskappe na leerders te dra.

GOEDGEKEUR DEUR DIE BVBESTUURSPAN OP 2016-01-11

Skoolhoof: